e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

7 Mei 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 13

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: *"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"*
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Angus Buchan as verskynsel van ons tyd

Die *Mighty Men Conference* onder leiding van Angus Buchan is volgens berigte deur sowat 250 000 mans bygewoon.

Daar is baie standpunte oor Angus Buchan. Vir party is hy die geestelike leier van Suid-Afrika. Ander maak sy prediking af as fundamentalisties en kritiseer hom omdat hy die vrou se rol in die samelewing en gesin onderskat.

Ek meen dat ons die verkeerde vrae vra. Ons hoef niemand te oortuig dat Buchan se teologie fundamentalisties is of dat hy dikwels aanvegbare standpunte inneem nie. Die byeenkoms klink soms soos 'n outydse volksvergadering – want God gaan Suid-Afrika "red".

Ons moet eerder vra of Buchan deel vorm van 'n algemene godsdienstige fenomeen in die 21ste eeu wat beskryf kan word as *toenemende ontnugtering met die kerk as instituut.* Die kerk is vir baie mense nie meer só belangrik nie. Alles wat die kerk kenmerk (geboue, amp van die predikant, teologiese opleiding, belydenis, strukture en dissipline) het slegs relatiewe waarde. Mense is gemaklik om hulle geloof uit te leef buite die strukture van die kerk. Die oortuiging bestaan dat die Heilige Gees ook buite die kerk werk, en dat redding ook buite die kerk te vind is.

Dit stel ongemaklike vrae aan die kerk: Waarom kan geordende predikante van die kerk nie soveel mense bymekaar kry om voor te preek nie? Waarom is lidmate van die kerk bereid om te luister na die prediking van iemand met bykans geen teologiese opleiding? Wat sê dit van mans se behoefte aan geloofservaring? Het predikante die vermoë om binne 'n nuwe konteks sinvol en aktueel aandag te gee aan mense se behoefte aan 'n verdiepte spiritualiteit?

Dit stel ook ongemaklike vrae aan die samelewing: Wat sê dit van die geestestoestand van blanke mans in Suid-Afrika, na 15 jaar van regstellende aksie en ongelooflike druk om te oorleef?

Die *Hartford Institute for Religion Research* in die VSA het bevind dat predikante met 'n baie sterk akademiese agtergrond in die teologie (soos in die Hervormde Kerk) juis die minste gereed is om aan te pas by nuwe omstandighede of te voldoen aan mense se verwagtinge ten opsigte van geloof en spiritualiteit.

Buchan is nie 'n geordende predikant nie, maar 'n boer. Daarom assosieer gewone mense met hom. Hy praat hulle taal. Hy beklemtoon God se mag, outydse moraliteit en gesinswaardes, die leiding van die Heilige Gees en fundamentalistiese Skrifgebruik. Daar is by hom geen twyfel oor basiese geloofswaarhede nie en geen kritiese vrae oor die Bybel nie.

In die postmoderne era identifiseer mense eerder met bewegings as met vaste strukture. Die kerk, as instituut wat in vaste strukture gestol het, is vir baie mense nie meer aantreklik nie. Die *Mighty Men Conference* vertoon al die kenmerke van 'n beweging. Daar vind hulle energie en entoesiasme. Daar is die minimum strukture en organisasie. Eredienste word in stadions en op Buchan se plaas in die veld gehou.

Duisende lidmate van verskillende kerke het geen probleem daarmee dat 'n "onopgeleide" prediker aan hulle die evangelie verkondig nie. Dit relativeer die belangrikheid van teologiese opleiding en die amp. Die Hervormde Kerk ken ook die verskynsel. Vir baie lank (tussen 1910 en 1980) het die Kerk 'n akute tekort aan predikante gehad. Baie eredienste is deur ouderlinge gelei. Lidmate het verantwoordelikheid vir die Kerk en die gemeente aanvaar. En die Kerk het fenomenaal gegroei – van 20 gemeentes tot meer as 300.

Wat moet ons standpunt wees? Dat almal volgelinge van Buchan moet word? Nee. Die uitdaging aan die Kerk is om die tekens van die tyd te verstaan – onder andere lidmate se behoefte aan verdiepte spiritualiteit en groter betrokkenheid by die uitdra van die evangelie. Die Kerk sal maniere moet vind om daaraan te voldoen.

Lidmate moet weer 'n groter rol in die Kerk begin speel. Hoekom moet elke klein gemeentetjie 'n oorlewingstryd voer omdat hulle tot elke prys 'n predikant wil bekostig? Wat het geword van lidmate wat met toewyding, geloof en onder leiding van die Heilige Gees getuig van die geloof wat in hulle leef?

Dr Wim Dreyer
Raad vir Apostolaat
(Lees in *Die Hervormer* van Junie 2009 nog kommentaar oor Angus Buchan se teologie – Redakteur)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Prop Willem Dykema** na Bloemfontein vir studentebearbeiding

Beroep aanvaar

- **Ds Monja-Lize van Belkum** van Horison Roodepoort na Oudtshoorn

Beroep bedank

- **Ds Werner Venter** van Schoemansdal na Rustenburg-Kloof

- **Gemeente Randburg** beskik oor ’n vakante volsorgstandplaas. Die gemeente word tans bedien deur ds CJ van Wyk, en die tweede predikant sal onder sy leiding werk. Aansoeke moet **teen Vrydag 15 Mei** ingehandig word, en die pos sal vanaf 1 Julie 2009 beskikbaar wees. Stuur aansoeke aan die skriba by **ElnaV@nhk-randburg.org.za,** of skakel mev Elna van der Walt by 086 547 3586 of 011 789 4568 (faks). Volledige besonderhede oor die pos is beskikbaar op die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za**.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** beskik oor ’n vakante volsorgstandplaas. Die gemeente deel die kerkgebou, saal en kategeselokale met Gemeente Oostelike Pietersburg. ’n Skakelkomitee hanteer alle gemeenskaplike sake. Kandidate moet bereid wees om ’n erediens in die gemeente te kom lei en ’n gesprek met die beroepskomitee te voer. Aansoeke met ’n volledige CV moet die gemeentelike kerkkantoor bereik **voor of op 15 Mei 2009,** of kan elektronies na **nhk.welgelegen@absamail.co.za** gestuur word. Die kerkraad behou die reg voor om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Navrae kan gerig word aan oudl Antonie van Staden by 082 576 6355.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Prof Lourens Steenkamp** van Gemeente Makarios was Saterdag naby Bethal in ’n ernstige motorongeluk betrokke. Hy het twee nekwerwels gebreek – die boonste naby die breinstam. Sy toestand is baie ernstig. Die Kerk se voorbidding word vir die gesin gevra.

- **Ds At McDonald** het die afgelope week die slegte tyding ontvang dat hy aggressiewe kolonkanker het wat reeds so versprei het dat chemoterapie en bestraling nie uitkoms bied nie. Ds en mev McDonald het die tyding met hartseer en tog groot kalmte aanvaar soos dit gelowiges betaam. Ds McDonald spreek sy dankbaarheid teenoor die Heer van die kerk uit vir die geleentheid wat hy gehad het om soveel jare lank in die Kerk diensbaar te wees en ook vir die tyd wat hom gegun word om sy persoonlike sake in orde te kry. Die Kerk se voorbidding word vir hulle gevra.

- **Ds en mev Buddie Dupper** sal op Sondag 10 Mei in die Piet Retiefkombinasie ontvang word. Ds Dupper sal by die geleentheid in sy standplaas bevestig word.

- Vroeër is berig dat **prop Tanya Zwarts** op Sondag 19 April in Gemeente Alberton ontvang sou word. Sy word egter op Sondag 10 Mei deur die gemeente ontvang, as predikant georden en in haar standplaas bevestig as deeltydse predikant. Oudl Johan Steyn, ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), sal namens die Kommissie die Akte van Ordening aan haar oorhandig. Sy werk ook deeltyds in Gemeente Parkrand.

- **Ds Monja-Lize van Belkum** word op Sondag 10 Mei in Gemeente Oudtshoorn ontvang en in die standplaas bevestig. Die ring van Swellendam beskik nou oor sy eerste vrouepredikant.

- Gemeente Alberton het op Sondag 3 Mei **ds Pieter Viljoen** se 25 jaar in die predikantsamp gevier. Hy is op 6 Mei 1984 in Gemeente Weskus georden en is sedert 1986 predikant in Gemeente Alberton – byna so lank as wat hy predikant is! Ds Johan Smit, voorsitter van die Komitee van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM), waarvan ds Viljoen die visevoorsitter is, het die Kerk se gelukwense oorgedra, en ds William Harmse namens die ring van Germiston. Die gemeente het ’n ruiker aan sy vrou, Susan, oorhandig en ’n ysmasjien aan hom, vir sy lapa waar hy beplan om die gemeente gereeld te onthaal!

- **Ds Willem Kok** vier op Sondag 10 Mei sy 25ste jaar as predikant van die Kerk. Hy is steeds in sy eerste gemeente, Potchefstroom. Dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, sal namens die Kommissie en die Kerk gelukwense oordra en dank aan ds Kok en sy gesin betuig.

- **Dr Daan van Wyk (sr)** en sy vrou, Frieda, het teruggekeer na hulle woonplek op Nylstroom nadat hulle drie maande lank in Gemeente Bloemfontein-Wes gewerk het. Dr Van Wyk was brugpredikant daar. Die kerkraad, Ringskommissie en die Kommissie van die AKV is dankbaar teenoor hulle vir die werk wat hulle daar gedoen het.

- **Ds Theuns Botha** van Gemeente Ottosdal het die afgelope twee weke kinders uit Zimbabwe met vakansie geneem. Die groep het tyd in die Kaap, in Wes-Transvaal en in die Laeveld deurgebring. Die jongmense wat volgende jaar wil kom studeer, is na verskillende universiteite en kolleges geneem om inligting te kry. Verskeie predikante en gemeentes het gehelp met die projek en hulle word hartlik bedank. Die groep het op Woensdag 6 Mei terugvertrek na Zimbabwe nadat een van kinders se moeder, mev Christi van der Merwe, skielik in Harare oorlede is. Sy was maar 41 jaar oud. Talle predikante wat die bediening in Harare behartig, gaan gewoonlik by die gesin tuis. Meelewing word met die gesin betuig. Ds Botha sal help met die begrafnisreëlings en waarskynlik ook die begrafnis hou. Ds Botha sal Sondag die erediens in Bulawayo waarneem.

- **Die volgende predikante verjaar van 9 tot 14 Mei,** en word hartlik geluk gewens:

  - Saterdag 9 Mei: Ds Leon Geel en dr André Groenewald
  - Sondag 10 Mei: Di Frans Ras, Fanie Swanepoel en Gerrit van der Merwe
  - Maandag 11 Mei: Dr Christo van der Merwe en prop Guillaume Rocher
  - Dinsdag 12 Mei: Ds Buks van Heerden
  - Woensdag 13 Mei: Di Ockie van Schalkwyk, Hennie Pretorius, Koos Prinsloo, dr Gerhard Lindeque en prof Ernest van Eck
  - Donderdag 14 Mei: Di Willem Kok en Piet Uys

- **Gemeente Schweizer-Reneke** bied op Donderdag 7 en Vrydag 8 Mei ’n **Wildfees** aan. Die fees skop af met ’n wildete Donderdagaand. Daar gaan ook ’n veiling plaasvind van wild en ander artikels. ’n Orkes sal optree en die kaartjies beloop R100 per persoon. Die Vrydagmiddag is dit tyd vir basaar. Vleis sal teen billike pryse te koop wees. Kontak ds Rudi Schoeman by 082 557 7340 of Susan Kotzee by 083 758 9972 vir meer inligting.

- **Gemeente Verwoerdburg** hou op Saterdag 9 Mei ’n **Fiësta** met ’n Spaanse geurtjie. Kom toets jou balans op die meganiese bul, eet warm rooi rissies en geniet die sjarme van Spaanse dansers. Of lê weg aan smullekker pannekoeke, hamburgers en skyfies of gewone tradisionele kerrie en rys. Die dag word opgehelder met musikante, trompoppies en ’n troeteldierskou. Vrydagaand word ’n ete en vermaak aangebied – die dominees wys hulle staal met Spaanse passies: wie dra die rok en wie die broek?

- **Gemeente Magaliesmoot** hou op Saterdag 9 Mei sy jaarlikse **basaar** op die kerkterrein. Max van Heerden en Nicole de Wet gaan die mense vermaak met sang – Nicole speel ook saksofoon en dwarsfluit. ’n Veiling gaan gehou word, en daar sal ook Laerskole 7’s rugby wees. Vir meer inligting kan ds Wimpie Steyn geskakel word by 012 376 2707 of 072 365 3743. Dit sal waarskynlik ds Steyn se laaste basaar in die gemeente wees aangesien hy vroeg in 2010 emeriteer.

- Op Saterdag 9 Mei gaan Yoti die Griekse Boertjie Pietersburgers oefening gee met Griekse danse en lekker sang. **Gemeente Oostelike Pietersburg** gaan tradisionele Griekse geregte voorsit. Kaartjies beloop R100 per persoon. Kontak Ria by 082 851 8460 of Stoffel by 082 447 3574.

- **Gemeente Olifantsfontein** nooi almal uit na hulle nuwe kerkgebou in Midstream waar Jannie Moolman en Annake de Villiers Vrydagaand 15 Mei as gaskunstenaars optree. Dit begin om 18:30 en kaartjies is beskikbaar by Tolla, by 078 283 5205. Op Saterdag 16 Mei bied die gemeente ’n **karnaval** aan op dieselfde terrein. Dit begin om 09:00 en beloof om vermaak en eetgoed na almal se smaak aan te bied. Vir meer besonderhede stuur ’n e-pos aan **Lorinda.Grobler@neotel.co.za.**

- **Gemeente Erasmia** hou op Vrydag 22 Mei **konsert**. Yoti die Griekse Boertjie tree om 19:00 op in die kerksaal, en die kaartjies kos R60 vir volwassenes en R30 vir kinders onder 10 jaar. Dit sluit sop en nagereg in. Ons gaan Griekse danspassies leer en ook leer hoe om borde op die Griekse manier stukkend te gooi. Borde kos R5, en sjerrie sal ook teen R5 te koop wees.

- **Gemeente Philadelphia** hou die naweek van 22 tot 24 Mei ’n **gemeentefees**. Op Vrydagaand 22 Mei tree die kunstenaar Annecke Redelinghuys op in *Getuie van ’n kaalvoetreis*. Ons het Annecke leer ken deur haar liedjies *Dwergieman* en *Lyf* wat deur Matthys Roets gesing word. Sy neem ons op ’n reis deur die vele fasette van die wese

van vrouwees. Kaartjies is R50 per persoon en sluit 'n ligte ete in. Saterdag is ons feesdag – maalvleis en wors is beskikbaar teen R35 per kg; R50 per kg vir kruisskyf (rump) en R80 per kg vir filet. 'n Potjiekoskompetisie vind later die middag plaas. Wees deel van 'n pretdag en sê saam met ons dankie vir die geleentheid om te bou om ons fasiliteite te verbeter. Navrae aan ds Martin Slabbert (082 655 4787), dr Piet van Staden (072 203 0050) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866).

- Die **NHSV Theresapark** hou op Saterdag 23 Mei om 09:30 vir 10:00 hul jaarlikse **Oggendtee** in die stadsaal van Akasia. Die gaskunstenaars is **La Diva**. Kaartjies kos R90 per persoon en sluit tee en verversings in. Uitstallers is ook welkom. Vir besprekings, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of die pastorie by 012 542 1321.

- **Gemeente Carolina** hou op Saterdag 30 Mei die grootste **winterfees** ooit. Vleis en baie lekkernye sal aangebied word. Alle belangstellendes is welkom. Vir meer inligting kontak Jacques van der Walt by 083 589 2435, of Nollie de Beer by 083 264 5424, of ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555.

- **Gemeente Randburg** hou op Saterdag 30 Mei sy jaarlikse **basaar**. Alle belangstellendes word genooi om dié dag iets vir liefdadigheid te kom gee en die feestelikhede te geniet. Daar is ook 'n **basaarkompetisie** waarin 'n **bootreis** vir twee persone op die MS Melody na die Portugese Eilande gewen kan word. Die prys sluit in retoer vliegkaartjies vanaf Johannesburg na Durban, lughawebelasting, vervoer tussen die lughawe en die hawe, en 4 nagte op die MS Melody in 'n buitekajuit (alle etes ingesluit). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100. Kontak mev Elna van der Walt by **ElnaV@nhk-randburg.org.za** of 011 787 4893.

- **Gemeente Groot Marico** hou hul jaarlikse karnaval op Saterdag 6 Junie. Hierdie karnaval is landwyd bekend. Jy kan 10 verse wen of R30 000 in kontant as jy 'n kaartjie teen R100 koop. As jou boerdery reeds op dreef is, skryf jou osse in vir die swaarste-oskompetisie – die swaargewigte het die skaal al tot ver bo 1 000 kg getrap. Gaan probeer skyfskiet, kleiduifskiet en kleilat-gooi, en luister na die gaskunstenaar, Pieter Koen. Navrae kan gerig word aan Boet Nel by 083 700 9751of ds Willem Sauer by 079 699 1237. Besoek gerus ook die webwerf: www.maricosafarikarnaval.co.za.

- **Gemeente Wesmoot** in Pretoria hou op Saterdag 6 Junie vanaf 08:00 basaar op die parkeerterrein van Trade Centre. Daar sal vermaak wees vir die kinders, 'n teetuin met tuisgebak, en al die lekker dinge wat net by kerkbasaars te kry is.

- Die jonges van die ring van Noordelike Pretoria en Gemeente Wonderboompoort bied op Sondag 17 Mei @ 17:00 hierdie byeenkoms aan.

  Is jy na 1980 gebore, of jonk van gees, laat hoor van jou!

  Kontakbesonderhede

  magtigedreuning@gmail.com
  Web: **http://sites.google.com/site/magtigedreuning/**

Geraas (ook vir MXit)	**073 377 7077**
BackChat	**083 663 5198**
Ds Johann	**082 733 3951**
GrootBek	**082 411 0655**
Facebook-groep:	**Magtige Dreuning**

  Adres: hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal

ANDER NUUS

- **Mev Tinka Els**, eggenote van **oudl Kees Els**, 'n bekende ouderling oor jare van Gemeente Dordrecht, is die afgelope week oorlede nadat sy 'n jarelange stryd teen kanker gevoer het. Die Kerk se meelewing en voorbidding word vir die gesin gevra.

- **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys** (TOIBO) hou vanjaar weer hul **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op Dinsdag 12 Mei. **Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 8 Mei om 12:00.** TOIBO is die borgliggaam vir vyf skole, naamlik Transoranje-skool vir Dowes, Prinshof Skool vir Gesiggestremdheid, Transvalia-skool vir Epileptici, Sonitus Skool vir Gehoorgestremde Kinders, en Martie du Plessis Skool vir Serebraalgestremdes. Vanjaar word onder meer beplan om die skoolgeboue op te knap. Die sukses van so 'n gholfdag word grootliks bepaal deur die pryse wat aangebied word. Enige bystand daarmee sal waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of 082 500 9301, of stuur 'n e-pos aan **toibo@nhk.co.za**.

- **Belangrike vergaderings van 7 tot 14 Mei**

  Hierdie vergaderdatums is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 7 Mei: Redaksie van *Die Hervormer* en die *e-Hervormer*
  - Vrydag 8 Mei: Pensioenraad
  - Saterdag 9 Mei: NHSV Dagbestuur
  - Maandag 11 Mei: Raad vir SENTIK
  - Maandag 11 Mei: Raad vir Regsadvies
  - Dinsdag 12 Mei: Direksie van to care
  - Dinsdag 12 Mei: Algemene Jaarvergadering
  - Donderdag 14 Mei: Taakspan

- **Die volgende ringsvergaderings neem sitting van 7 tot 14 Mei**

  - Ring van Potchefstroom: 10 -12 Mei te Potchefstroom
  - Ring van Germiston: 10 Mei te Boksburg
  - Ring van Krokodilrivier: 11 Mei te Hartbeespoort
  - Ring van Potgietersrus: 9 Mei te Ebenhaézer
  - Ring van Losberg: 9 Mei te Westonaria
  - Ring van Vereeniging: 9 Mei te Meyerton-Suid
  - Ring van Zuurfontein: 9 Mei te Zuurfontein
  - Ring van Noord-Kaapland: 8 en 9 Mei te Vryburg

AGTERBLAD

Die nuwe Diensboek gee riglyne en leiding

Die nuwe *Diensboek* (eintlik *Erediensboek*) het in Oktober 2008 verskyn. Die betekenis van die verskillende handelinge en die logiese verloop van die erediens word in een deel toegelig. Verder word die logiese verloop van die tye in die Kerkjaar bespreek en aangedui hoe die tema van ’n bepaalde tyd, naas die preek, ook visueel en met bepaalde liedere uitgebeeld kan word.

Die Kerkjaar vorm die polsslag en ritme van ons geloofslewe. In die Kerkjaar word die lewe, sterwe en werk van Jesus Christus elke jaar opnuut deur die gemeente uitgebeeld. Verder kom die werk van die Heilige Gees en die groei van die Koninkryk van God ter sprake. Elke Sondag staan dus in ’n bepaalde tyd van die Kerkjaar. Dié tyd bepaal die basiese aard, inhoud en fokus van elke erediens. Van hieruit word dan perspektief gegee op konkrete gebeure in die gemeente en die wêreld.

Deur op ’n ordelike wyse aan die Kerkjaar aandag te gee, word voorkom dat ’n predikant altyd by die eie voorkeur aan Bybelgedeeltes, temas en liedere vassteek. In die Lydenstyd word byvoorbeeld ander liedere as met Paasfees gesing. Of so hoort dit. Dit versteur die sin vir orde en logiese verloop wanneer sogenaamde *Paas*(!)sangdienste dikwels midde-in die Lydenstyd gehou word, met een of twee lydensliedere en verder liedere wat Christus se opstanding besing – dít terwyl ons nog besig is om sy lydenspad met Hom na te loop! Die ironie is dat sommige gemeentes opstandingsliedere in die Lydenstyd sing, maar dat dié liedere in die sewe weke *van Paasfees / die Opstanding* dan stil is. Die Diensboek gee hier leiding. (Lees ook meer oor die erediens en die Kerkjaar in die Julie-uitgawe van *Konteks*.)

Deur die ordelike uitbeelding in die Kerkjaar word ons telkens opnuut aan die hoofmomente van ons geloof herinner. Alle dimensies van ons geloof kom ter sprake. In Kolossense 3: 16 lees ons tog: Die boodskap van Christus moet in sy *volle rykdom* in julle bly. Die volheid gaan nie net eensydig oor Christus se opstanding en ons lofprysing nie. Dit gaan ook oor sy lyding en ons skuldbelydenis.

In die ordelike uitbeelding van die Kerkjaar word die volheid van ons geloof ook aan ons kinders oorgedra. Daarin lê ’n wesenlike aspek van kategese. Kinders leer so sigbaar en hoorbaar die geloofswaarhede op ’n logiese manier. Ja, die belangrikste moment van kategese is inderdaad geleë *in die erediens*!

Dr Elsabé Kloppers

*** Die Diensboek is by SENTIK beskikbaar teen R50 (posgeld uitgesluit). Bestel van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 of **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse